

# 22

## LIEFDESLEWE

### *Hoe het my ouers se verhouding ontwikkel?*

#### **GESINSLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat elke gesin se omstandighede uniek is, en hulle moet leer hoe geloof deel van 'n huweliksverhouding behoort te wees.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat –

- liefde vir mekaar in die huwelik belangrik is.
- huweliksverhoudinge ook aan swaarkry onderwerp kan word.
- God vergifnis en 'n nuwe begin elke dag moontlik maak.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet bereid wees om hulle in hul gesin te beywer vir liefde en vergifnis.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om beginsels neer te lê wat vir hulle in 'n huwelik belangrik sou wees.

#### **MEER INLIGTING (1 Korintiërs 13: 1-13; Matteus 19: 1-12)**

Ons het reeds in Les 20 gesê dat die meeste mense droom om eendag te trou en vir altyd gelukkig te wees. Die werklikheid is dat baie drome aan skerwe spat. Ons leef in 'n wêreld vol gebroke gesinne en geskeides wat met 'n groot stuk seer in hulle rondloop.

In ongelukkige huwelike sien ons dat mense hul eie belange en behoeftes bo dié van hul huweliksmaats plaas. Dit lei tot groot verskille, rusies en seerkry. Die Bybel sê in Efesiërs 5

dat ons iets oor die huwelik kan leer by Jesus Christus en die kerk. Jesus se verhouding met sy kerk is 'n verhouding van onvoorwaardelike liefde, trou, vergifnis, genade en die nakoming van beloftes. In die huwelik trou twee sondaars met mekaar, maar in Christus ís hulle en kán hulle nuwe mense word.

Die verhouding tussen man en vrou wat op Christus gebou is, is altyd 'n verhouding van liefde. Oor die liefde kan ons baie sê en daar word vandag in die wêreld allerhande voorbeelde van liefde voorgelê. As gelowige moet ek weer hoor wat God oor die liefde sê; gaan lees daarom gerus weer 1 Korintiërs 13: 1-13.

Die huweliksverhouding is ook 'n verhouding van hulpverlening, koestering, versorging en onderskraging. So kan twee mense met 'n gesin die lewenspad aandurf, natuurlik met die genade en hulp van die Here.

Ons moet onthou dat die huwelik 'n lewenslange proses van groei na mekaar toe is. Jy sal nooit iemand vind wat presies dieselfde as jy dink, voel of optree nie. 'n Man en 'n vrou is tog verskillend van mekaar en huweliksmaats kom ook nooit uit dieselfde huis uit nie. Daarom verskil ons agtergrond en opvoeding, maar dit is juis hierdie verskille wat twee mense die geleentheid gee om mekaar aan te vul.

'n Huwelik bestaan uit twee mense wat in 'n bepaalde verhouding met mekaar staan. Hierdie twee mense bepaal ook hoe hul verhouding met mekaar gaan lyk. Om te trou, is 'n gawe van God en baie keer sien ons na verloop van tyd binne die huwelike nie meer hierdie gawe en genade van God raak nie. Tog bring die Here twee mense bymekaar en omdat hierdie twee mense ook sondaars is en nie volmaak is nie, gaan dit nie net altyd goed in 'n huwelik nie. As gelowige mense moet ons beseft dat waar God betrokke is, is vergifnis moontlik.

Gelowige mense kan nie ligtelik met die huwelik omgaan en soos die ongelowiges skei wanneer daar swaar tye kom nie. God voeg twee mense bymekaar sodat hulle mekaar juis in moeilike tye kan ondersteun en help. Konflik en verskille is normaal in enige huwelik, maar die vraag is hoe ons dit hanteer. Hanteer ons mekaar met liefde, probeer ons gehoorsaam aan God lewe, probeer ons vergewe en vra ons saam na die hulp van die Here, die Almagtige God? Ons mag staatmaak op die hulp van die Here, selfs daar waar ons dit glad nie eens verwag nie.

Tog is daar 'n grens waar 'n mens alles probeer het en niks wou help nie. 'n Tyd wanneer daar 'n onoorbrugbare kloof gekom het. 'n Tyd wanneer die onmin in die huwelik so groot geword het, dat een of albei se verhouding met God ook platgeval het – dat hulle hul liefde vir God verloor het. Dan kan 'n egskeiding oorweeg word. God vergewe alle sondes, nie net sekere nie.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Reël vooraf met vier verskillende persone met verskillende huweliksagtergronde uit die gemeente om met die kinders te kom praat oor hul ervarings van hul huwelik: een wat 'n tweede keer getroud is na die dood van 'n huweliksmaat, 'n tweede persoon wat geskei is, 'n derde persoon oor hoe dit is om nou as weduwee of wewenaar alleen te

leef, en 'n vierde persoon oor 'n huwelik waar die man en vrou al vir jare getroud is. Indien jy onseker is oor wie om te vra, raadpleeg jou predikant.

### KOM ONS BEGIN

Open met Skriflesing uit 1 Korintiërs 13: 1-13 en vra een van die ouers of kinders om 'n gebed te doen.

### HET HULLE DIE VOLGENDE GEDOEN EN GELEER?

- Kontroleer of hulle die vraelys voltooi het. Verduidelik aan hulle dat hulle nie nodig het om hierdie inligting met die res van die klas te deel nie.

Hoe is my gesin nou saamgestel? Wie...? Eie pa, stiefma, eie boetie, ensovoorts.	
Waar en hoe het my pa en ma ontmoet?	
Hoe lank het hulle mekaar geken voor hulle getroud is?	
Hoe lank is of was hulle getroud?	
My ouers is geskei. Wat het daar gebeur? (Antwoord slegs as jy wil.)	
Hoe sal jy jou ouers se verhouding met mekaar beskryf?	
Wat sou jy sê veroorsaak spanning of konflik in jou ouers se verhouding?	
Wat sou jy graag anders in jou huis wou hê?	

- Kontroleer of hulle 1 Johannes 4: 7-8 ken: *Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God. Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.*

## VANDAG LEER ON S

### BEGIN SO

Gesinne is uniek saamgestel en elke gesin se omstandighede verskil. Dit sien jy in die vraelys wat jy ingevul het. Dit maak nie saak wat ons gesinne se omstandighede is nie, ons kan tog almal probeer om saam gelukkig te wees en met die hulp en krag van die Here selfs van 'n slegte saak iets goeds te maak.

### IETS INTERESSANT

- Maak 'n studie van MEER INLIGTING.
- Gebruik dan die feite, stellings en vrae hieronder en hou 'n bespreking oor elkeen. Indien daar skuinsgedrukte antwoorde is, gee die antwoorde eers as julle klaar bespreking gevoer het.
  - Alle mense droom oor 'n gelukkige en geseënde huwelik.
  - Is hierdie stelling eerder die uitsondering as die reël?
  - Die Bybel leer ons in Efesiërs 5: 21 dat ons *uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig* moet wees. Wat presies verwag die Bybel hier van ons?
  - Vers 22 sê dan skynbaar dat net vrouens onderdanig moet wees, of staan daar meer as dit? (*Daar staan meer as dit. Onderdanigheid word gekwalifiseer met “soos julle aan die Here”, aan Jesus gehoorsaam is. As iemand darem sy lewe vir jou gegee het, hoe kan jy anders as om gehoorsaam te wees? Net verder (25), kry mans die opdrag om hul vrouens lief te hê soos Jesus ons liefhet. En hoe is dit? Hy het sy lewe gegee. Ons sien dus mans is slegs “baas” in die sin van leiers wees, en 'n leier moet bereid wees om te dien, sê Jesus self ... te dien selfs tot die dood. [In ligte luim: Mans is dus eerder die “bediendes” as die “base”!] As 'n man bereid is om sy lewe vir sy vrou te gee, sal sy mos nie anders as om hom te volg nie.*)
  - In die huwelik trou twee sondaars met mekaar, maar in Christus ís hulle en *kán* hulle nuwe mense word. Wat sê julle daarvan? (*Ons almal het foute en swakhede en “snaakse” geaardhede. Ons moet bereid wees om dit te vergewe (“Soos Ek julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe”) en mekaar se helpers te wees (Genesis 2: 18), mekaar te help eerder as om mekaar te verkleineer.*)
  - Jy sal nooit iemand vind wat presies dieselfde as jy is nie. Ons belangstellings verskil, maar dit is juis hierdie verskille wat twee mense die geleentheid gee om mekaar aan te vul.
  - God voeg ons bymekaar om mekaar in moeilike tye te ondersteun en te help. Tog is konflik en verskille normaal in enige huwelik. Hoe sou julle gesin konflik hanteer?
  - Egskeiding mag nooit oorweeg word nie – dit is 'n onvergeeflike sonde. (Daar is 'n tyd wanneer daar 'n onoorbrugbare kloof gekom het. 'n Tyd wanneer die onmin in die huwelik so groot geword het dat een of albei se verhouding met God ook platgeval het – dat hulle hul liefde vir God verloor het. Dan kan 'n egskeiding oorweeg word. God vergewe alle sondes, nie net sekere nie.)

### IETS BELANGRIK

Gee kans vir enige kind of ouer om nog iets by te voeg.

## IETS OM TE DOEN

- Stel die vier gaste aan die kinders en hul ouers voor en verduidelik dat hierdie vier persone hul eie ervarings oor die huwelik met die groep kom deel. Nadat die vier persone gepraat het, gee aan die kinders geleentheid om vrae aan die gassprekers te vra. Bedank die gassprekers en gee aan hulle die keuse om die samekoms te verlaat of indien hulle sou wou, te bly tot aan die einde.
- Indien daar nog tyd is, lees Matteus 5: 9: *Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.* Gebruik hierdie woorde van Jesus en laat die ouers en kinders aan die hand van hierdie teks verduidelik hoe dit op hul lewens van toepassing gemaak kan word.
- In die gesprek kan aandag gegee word aan:
  - Konflik.
  - Vergifnis.
  - Kommunikasie.
  - Vrede.
  - Liefde.

Die kategeet tree as fasiliteerder op en maak seker dat die kind se stem gehoor word.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Laat hulle die dagboekinskrywings in hul boeke by Les 23 gaan voltooi. Hulle moet elke dag beginsels vir 'n goeie huwelik noem en kortliks aantekeninge daarvoor maak. Hulle kan 1 Korintiërs 13 en die laaste vyf punte by IETS OM TE DOEN hierbo in gedagte hou as hulle skryf.

### LEER

Laat hulle Matteus 5: 9 gaan leer: *Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.*

### AFSLUITING

Sluit af met die sing of lees van Gesang 519 as gebed.

*Wees stil en weet: Ek is die Heer.  
Ek spreek, en wind en golwe bedaar,  
Ek sal ook jou getrou bewaar.*

*Wees stil en weet: Ek is die Heer.  
Ek ken jou pyn, jou donkerste nag.  
Ek is by jou, Ek gee jou krag.*

*Wees stil en weet: Ek is die Heer.  
Kom bring na My jou kommer en vrees.  
Ek sal vir jou 'n toevlug wees.*

*Wees stil en weet: Ek is die Heer.  
Bly waak en bid; volhard in geloof.  
Ek is by jou soos Ek beloof. Amen.*